# DIE INVLOED VAN DIE NEO-MARXISTIESE KULTUUR-ANALISE OP DIE WÊRELDRAAD VAN KERKE EN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN NEDERLAND

*Dr. J. M. Vorster*

Toe die studente dwarsoor die VSA en Europa in die laat sestigerjare 'n plotselinge en radikale verset openbaar het teen die bestaande orde, het hulle die deur geopen vir 'n nuwe mededinger om die hart van die Westerse kultuur. Dit is die nou reeds bekende neo-Marxisme. Sedertdien het hierdie jongeling sy voetspore op vele vlakke van die Westerse kultuur gelaat. Verskeie skrywers het dit reeds duidelik aangetoon. Roszak[1] het in 1969 hierdie spore aangewys in die vorming van 'n moderne kontrakultuur. Klapwijk[2] en Zuidema[3] sien dit in die kontemporêre kultuurfilosofie, terwyl Heyns[4] en Duvenage[5] dit onderskeidelik identifiseer in die moderne teologie en die studente rewolusie. Die laaste woorde hieroor is egter nog lank nie gespreek nie omdat dit nou reeds duidelik is dat ook die Westerse politiek, ekonomie, pers, kuns en moraal nie ongeskonde gebly het nie[6]. Uit wat in die huidige voor hande is kan met reg gesê word dat die nuweling in die Westerse denkgallery nóg diepgaande invloed gaan uitoefen.

In die artikel word gepoog om hierdie invloed aan te toon in die WRK en GKN. Die WRK verteenwoordig formeel tweederdes van die protestantisme. Wat in die GKN gebeur is tog nog vir ons van belang. Uiteraard is dit egter onmoontlik en onnodig om die hele filosofiese sisteem en nuanses van die neo-Marxisme op die forum te plaas. Wat belangrik is vir hierdie onderwerp, is die kultuuranalise van die neo-Marxisme soos hoofsaaklik uitgebou deur Marcuse[7] en die invloed daarvan op die WRK en GKN.

## 1. DIE KULTUURANALISE EN DIE NEO-MARXISME

Marcuse se vertrekpunt is die maatskappykritiek van Karl Marx[8] en die grondprinsipes van Freud[9] se psigo-analise. Deur 'n sintese van hierdie twee stelle beginsels kom hy tot die volgende konklusie: Die huidige Westerse maatskappy is 'n onderdrukkende, vernietigende struktuur. Die mens moet terwille van sy eie belewingsruimte hiervan bevry word en dit kan alleen geskied wanneer hierdie struktuur radikaal, rewolusionêr omvergewerp word. Om egter hierdie konklusie van Marcuse te begryp, moet daar eers oorsigtelik gekyk word na die opeenvolgende beredeneringe wat hom van sy vertrekpunt na die konklusie gelei het. Hy beredeneer die sg. lusprinsipe, realiteitsprinsipe en menslike leed, geluksbelewing, verknegting van die moderne mens, etiek van bevryding en regverdig sy begrippe „teengeweld" en „rewolusie".

### 1.1 *Die lusprinsipe, die realiteitsprinsipe en menslike leed*

Marcuse sluit aan by Freud wat sê dat die mens 'n kernbehoefte het aan die volle uitlewing van sy luste[10]. Hy noem dit die lusprinsipe. Die lewe is vir hom 'n soeke na drifbevrediging en lus-

belewing. Die mens is eintlik 'n „diermens" wie se hele lewe sentreer rondom die volledige uitlewing van sy drifte.

Beskawing is volgens hom slegs moontlik wanneer daar 'n beperking op die behoeftes en drifte van hierdie „diermens" geplaas word. Hierdie beperking noem hy die realiteitsprinsipe waardeur die diermens 'n „georganiseerde Ek" word.

Die vervanging van die lusprinsipe deur die realiteitsprinsipe is egter een van die grootste traumatiese gebeurtenisse in die geskiedenis van die mens omdat dit konflik bewerk. By hom is voortdurend spanning tussen sy natuurlike drif na behoeftebevrediging en die beperking wat die beskawing daarop plaas. Dit bring ook mee dat kultuur onderdrukkend inwerk op die mens, want die mens leef hom nie ten volle uit nie, maar hy „word geleef" ten einde kultuur te vorm.

Die beperking van belewing verdryf dan ware geluk en bring leed. Leed ontstaan dus wanneer die lusprinsipe deur die realiteitsprinsipe beperk word, dws. wanneer die mens nie meer toegelaat word om sy eie behoeftes uit te leef nie; wanneer hy deur allerlei wette en reglemente van buite bepaal en gemeganiseer word tot 'n masjien wat op die druk van 'n knoppie reageer.

Gevolglik stel hierdie leed 'n vernietigingsdrang vry. Die voortdurende onderdrukking deur die kultuur lei tot aggressie by die mens. Die konsekwensie hiervan is dat die ontwikkeling van beskawing ook 'n ontwikkeling is van vernietigingskragte. Die beskawing skep dus 'n „onvrye" meganiese mens vol aggressie.

Hierdie skema wat Marcuse (volgens homself) aan Freud ontleen, vorm die eintlike fundering van sy hele maatskappykritiek en oplossings wat hy aanbied. Hy pas dit net so toe op die politieke strukture van die huidige wêreld. en sy siening oor ware geluksbelewing.

### 1.2 *Die voorwaarde vir geluksbelewing*

Vir Marcuse is die gelukkige mens die een wat vry is van die onderdrukking van sy menswees [11]. 'n Mens kan nie gelukkig wees terwyl die lusprinsipe onderdruk word nie. Om gelukkig te wees, moet die mens homself realiseer deur sy drifte en behoeftes ongehinderd te bevredig.

Hiermee saam ontvou hy dan ook sy standpunt omtrent die ideale maatskappy as die een wat aan die individu die moontlikheid tot selfverwerkliking bied, waarin die lusprinsipe vry is. In so 'n maatskappy sal menslike leed en aggressie uitgeskakel word omdat aan die mens die moontlikheid tot selfrealisasie gegun word. Die ideale maatskappy waarin geluk beleef word is vir Marcuse dus 'n maatskappy sonder oorlog, uitbuiting, onderdrukking, armoed en verspilling[12].

Teen hierdie agtergrond beweer Marcuse dan dat die moderne mens 'n verknegte mens is.

### 1.3 *Die verknegting van die moderne mens*

Wanneer die mens sy drif tot lusbelewing moet inperk terwille van die maatskaplike sisteem waarin hy hom bevind, dan is hy in

wese 'n verknegte mens, wat homself nie uitleef nie maar van buite as 'n slaaf van die samelewingstruktuur bepaal en maklik gemanipuleer word.

Uitgaande hiervan beweer Marcuse dat daar in die verlede geen enkele maatskappy was wat nie die individu verkneg het nie. Arbeidsbelange en die onderhewigheid van die individu aan die algemene belang het bo liefde en die vervulling van ander behoeftes uitgegaan. Maatskaplike veranderinge in die verlede het alleen onderdrukking gewysig.

Hierdie verknegting en die gebrek aan belewing beskou Marcuse dan ook as die kernprobleem in die huidige maatskaplike opset van Oos en Wes. Hy sê trouens dat die verknegting nog meer toeneem[13]. Die akute gevaar lê eintlik daarin dat die moderne (veral Westerse) maatskappy groter vernietigingskragte loslaat, dit wil sê, groter leed en daarmee saam reaksie, aggressie en diepe verset ontlok.

'n Verdere probleem van die moderne samelewing is dat dit sonder opposisie is. Marcuse sê dat die praktyk van 'n politieke opposisie nie werklike opposisie is nie omdat vrye verkiesing nóg die „meester" nóg die „slawe" afskaf[14]. Opposisie moet onwettig en „teen-wetlik" wees, want as hy wettig is, beweeg hy nog in die kanale van en onderwerp hy hom aan die sisteem wat hy opponeer. Dan is hyself verkneg en geen werklike opposisie nie. Gevolglik stel Marcuse skerp dat die Westerse samelewing 'n verknegtende diktatoriale struktuur sonder enige werklike opposisie is. Om ware geluk te beleef, moet die individue hiervan bevry word.

1.4 *Die etiek van bevryding*

Om die mens te bevry uit sy verknegting en gepaardgaande aggressie is daar een vereiste: die struktuur of status quo moet eers verander word om die mens tot selfrealisasie te bring[15]. Bevryding is daarom vir Marcuse 'n konkrete, fisiese strukturele bevryding. In sy gelade „Vertoog over bevrijding"[16] sit Marcuse hierdie bevryding wat hy in sy vroeëre teoretiese werke filosofies beredeneer het, aktueel uiteen. Werklike bevryding is nie sosiale hervorming nie, maar indringende rewolusionêre sosiale verandering[17]. Die individu moet volstrek weier om hom aan die struktuur te onderwerp en hom daarteen verset. Hy moet dit selfs in die geringste „teenleef". Hy moet 'n antikrag teen die bestaande orde wees. Kortom bevryding is slegs moontlik deur rewolusie en teengeweld.

1.5 *Rewolusie en teengeweld*

Vir die rewolusie sien Marcuse twee voorwaardes. In die eerste plek moet dit deurgevoer word deur die student, omdat hy die intellektuele vermoëns besit om die verknegtende samelewing uit te wys en eventueel te vernietig. Hierin verskil hy van Marx wat die arbeider as die voertuig van die rewolusie beskou het.

Die tweede voorwaarde is dat die rewolusie 'n totale opposisie moet wees. Daarom is die gebruik van geweld aanvaarbaar. Marcuse praat liewer van „teengeweld" omdat geweld in die bestaande maatskappy geïnstitusionaliseer is d.m.v. onderdrukkende wette, polisie, militêre begrotings ens. Daarteenoor is verset in die vorm van

brandstigting, omkering van motors ens. net teengeweld, of beter gestel, geweld wat met geweld beantwoord word. Dit is ten diepste geweld wat deur die struktuur self opgeroep word[18]. Daarom is geweld in die rewolusie vir bevryding onvermydelik en toelaatbaar.

1.6 *Konklusie*

H. Marcuse se kultuuranalise lewer 'n essensiële bydrae tot die maatskappykritiek en kultuurbeleid van die neo-Marxisme. Hierdie filosofie is deur die New Left en Black Power bekendgestel en bevorder sodat dit vele gebiede van die Westerse kultuur ingedring het. In moderne letterkunde, rolprente, popkuns, seksuele kodes, leiersontmaskeringe, pornografie is die ondertoon van die groot weiering, verset en rewolusie sigbaar. Tradisionele Westerse instellings word tans met mening gebreek.

Die kerk en teologie het ook nie ongeskonde gebly nie. Daar loop 'n duidelike lyn van die neo-Marxisme na die WRK en GKN.

## 2. DIE LYN NA DIE WRK

Die spore van die neo-Marxisme word in die diskussies van die WRK in 1966 sigbaar by die Geneefse kongres oor Kerk en „Maatskappy". Sedertdien spreek dit 'n duidelike woord in die WRK-besluite oor die taak van die kerk in die moderne wêreld.

2.1 *Die kongres oor Kerk en Maatskappy in 1966*

Hierdie kongres het breedvoerige en intensiewe aandag gegee aan die taak van die kerk t.o.v. verskillende samelewingsverbande en aktuele sake van die huidige wêreld. Vir die kongres is 'n wye reeks voorstudies gedoen wat verskillende politieke, teologiese en etiese kwessies behandel het. In hierdie voorstudies is feitlik deurgaans 'n radikale vernuwing van die teologie bepleit. 'n Baie invloedryke referaat was die van R. Shaull[19].

Volgens Shaull moet die christen met een uitstaande realiteit in ons wêreld rekening hou, nl. dat daar 'n wêreldwye rewolusionêre veranderingsproses aan die gang is. Ou instellinge en strukture is algaande besig om drasties onder die eise van die tyd te verander. Die christen se taak is om ten behoewe van die onderdruktes die proses te stimuleer.

Om dit te stimuleer moet daar egter gesoek word na nuwe denkkategorieë wat 'n nuwe perspektief kan gee op die doelpunt van die verandering. As doelpunt van die verandering verwerp hy die teenswoordige politieke sisteme, sowel konserwatiewe as liberale uitgangspunte en sluit hy aan by die Marxisme. Hy sê dat die Marxisme vir die wêreld vandag van betekenis is omdat dit rewolusie as noodsaaklik vir die opbou van 'n beter wêreld propageer. Christen en kerk moet daarom die rewolusie soepeler benader. Hy probeer dit teologies motiveer deur te sê dat vernietiging en herstel ook 'n sentrale Bybelse tema is en dat Jesus self 'n sosio-politieke rewolusionêr was. Hy konkludeer dat die kerk rewolusionêre veranderinge moet stimuleer en ondersteun as die weg tot 'n beter wêreld. Hierdie „beter wêreld" is 'n wêreld van voortdurende verandering waarin niks stagneer nie; waarin daar altyd hoop en uitsig vir die verdrukte is. Met sy Teologie van die Rewolusie het Shaull die geesteklimaat van die hele kongres beheers.

## 2.2 *Raakpunte tussen Shaull en Marcuse*

Hierdie Teologie het verskeie raakpunte met die kultuur-analise van Marcuse wat die besluitvorming van die WRK na 1966 wesentlik beïnvloed het.

(i) Shaull en Marcuse het dieselfde analise en omskrywing van die huidige moderne maatskappy en ook dieselfde beklemtoning van verset en teengeweld as strategie hierteen[20].

(ii) Hulle het dieselfde positiewe waardering van die Marxistiese konsep van maatskaplike rewolusie.

(iii) Hulle beklemtoon albei die noodsaak van strukturele verandering as dié weg tot bevryding van die verdruktes.

Die invloed van Marcuse via Shaull het by die besprekings en besluite tydens die sitting van die WRK te Uppsala in 1968 reeds duidelik gestalte aangeneem.

## 2.3 *Die sitting in Uppsala*

By Uppsala het die WRK beslag gegee aan 'n eie „teologie" wat betrek is op die verandering van die bestaande orde of te wel die radikale omverwerping van sg. onderdrukkende strukture. Shaull het hierin 'n groot rol gespeel. Volgens hierdie „teologie" moet die kerk rewolusionêre veranderinge stimuleer. Rewolusie beteken hiervolgens nie altyd geweld nie maar wanneer dit deur die bestaande orde teengestaan word deur allerlei maatreëls, insluitende „wet en orde" mag dit gewelddadig wees[21]. Die argument is duidelik gebou op Marcuse se siening van geregverdigde „teengeweld".

Op grond van hierdie neo-Marxisties-gekleurde eie „teologie" het die WRK aan homself en aan die kerk in die algemeen verskeie take opgedra. Eerstens moet mense deur die kerk (ook prediking) geleer word hoe om polities effektief te wees en tweedens om deel te neem aan enige beweging of aksie wat radikale strukturele veranderinge ten doel het. 'n Terrein waarop die WRK hierdie nuwe ontwerp van sy taak wou demonstreer was die kleurvraagstuk, spesifiek in Suider Afrika. Dit het uitgeloop op die bekende Programme to Combat Racism. Hierdie program kan beskou word as die duidelikste produk van 'n teologie wat diepgaande deur die neo-Marxistiese kultuurverandering beïnvloed is.

## 2.4 *Die Programme to Combat Racism*

In Augustus 1969 het die sentrale komitee van die WRK besluit om die PCR in die lewe te roep[22]. In die doelstellings kan die neo-Marxistiese invloed duidelik gesien word. In die eerste plek kom dit na vore in die PCR se definisie van rassisme in terme van Marcuse se maatskappykritiek. Dit word nie gesien as 'n vraagstuk van intermenslike verhoudinge nie, maar as 'n strukturele onreg, m.a.w. volgens die definisie is rassisme die gevolg van blank beheerde strukture wat nie-blankes uitbuit. Die diepste oorsaak vir rassisme lê dus in die politieke magstrukture.

In die tweede plek kom die neo-Marxistiese kultuuranalise ook na vore in die strategie van die PCR. Om rassisme te beveg moet die strukture wat dan daarvoor verantwoordelik sou wees, ook vernietig word. Die stryd teen rassisme moet dus primêr gerig wees

op die rewolusionêre omverwerping van strukture met 'n metode wat Marcuse se „teengeweld" net so oorgeneem het. Daarom het die WRK geen probleem met die geldelike steun aan terroristebewegings nie. Die geweld van terroristebewegings beskou hulle slegs as teengeweld teen onderdrukkende „gewelddadige" strukture.

In die bykans tien jaar van sy bestaan het die PCR nog niks van sy rooi kleed afgeskud nie. Dit bewys tans nog duidelik die diepgaande teologiese verskuiwing in die WRK — 'n verskuiwing waar die versoeningsevangelie van Jesus Christus verruil is vir die „heilsboodskap" van die neo-Marxisme.

## 3. DIE LYN NA DIE GKN

Sedert 1971 het die GKN, nadat hy sy amptelike siening oor die eenheid van die kerk verander het, ook lid van die WRK geword en dadelik met die PCR te doen gekry[23]. Oor hierdie program is daar op sinodale vlak in 1971; 1973/1975, 1976 en 1978 diskussies gevoer en besluite geneem. Die bestudering van al die betrokke rapporte, besprekings en besluite gee aanleiding tot twee konklusies. Eerstens moet gesê word dat hierdie rapporte mank gaan aan werklike diepgaande Bybelse fundering. Die indruk wat dit laat is dat baie argumente, waaragter uit Bybelse oogpunt vraagtekens geplaas kan word, so hier en daar met 'n teks versier is om dit tog 'n Bybelse klank te gee. Tweedens moet gesê word dat die neo-Marxistiese kultuuranalise en beleid in die GKN se hantering van die PCR 'n duidelike woord meespreek[24].

### 3.1 *Die besluite van 1971*

Na aansluiting by die WRK in 1971 is daar deur die deputate vir sending en diakonale sake daadwerklik 'n bydrae tot die PCR gemaak. In die RSA, in behoudende kringe in Nederland asook die Alte Reformierten Kirche in Niedersachsen het die stap gelei tot ernstige kritiek sodat die GKN in 1971 die saak ter tafel geneem het. Na bespreking het die sinode besluit om die agtergrond en beweegredes wat die WRK tot die stigting van die PCR gelei het te onderskryf. Hulle het egter voorbehoude gehad oor die metode wat gevolg word en verder besluit om hulle offisiëel met die saak besig te hou en om op die volgende sinode verder daaraan aandag te gee. Formele finansiële steun aan die PCR is ook opgeskort[25].

Hoewel die finansiële steun opgeskort is het die sinode tog instemming betuig met die beweegredes vir die ontstaan van die PCR. Dit is veelseggend want dit is juis hierdie beweegredes waarin die neo-Marxistiese invloed duidelik weerspieël word. Die fonds is slegs die produk daarvan. Met die besluit het die GKN in feite die „teologie" onderliggend aan die PCR onderskryf. Die sinode van Haarlem 1973—1975 het weer aandag gegee aan hierdie saak.

### 3.2 *Die besluite van Sinode Haarlem 1973—1975*

'n Lywige deputaterapport het gedien waarin o.a. aandag gegee is aan die WRK definisie van rassisme en die kwessies van kerk en politiek en kerk en geweld. Na bespreking van sekere sosiologiese, historiese en teologiese gegewens het die deputate voorgestel dat die

GKN hom moreel en finansieel agter die PCR stel. Opmerklik en veelseggend is dat die WRK se definisie (via die neo-Marxisme) van rassisme onderskryf is en dat die sg. „teengeweld" as metode geregverdig word. Die twee grondpilare van die neo-Marxistiese kultuuranalise en beleid is hier onder invloed van Verkuyl onderskryf[26].

Hierdie lang deputaterapport word gekenmerk deur eensydige Skrifgebruik, roekelose hantering van historiese gegewens buite verband en blatante onwaarhede en eensydighede t.o.v. die RSA. Skynbaar het die deputate eers 'n besluit geneem en daarna na teologiese, historiese en sosiologiese begronding vir die besluit gesoek. Sekere van die historiese en sosiologiese gegewens is onverbloemd uit die kamp van die neo-Marxisme afkomstig maar tog is na die bronne (doelbewus?) nie verwys nie.

Op grond van die rapport het die sinode besluit om die PCR (gebou op neo-Marxistiese begrippe) moreel en finansieel te steun[27]. Dit was die logiese konsekwensie van die ligvaardige besluit van 1971 t.o.v. die PCR. Kritiek teen die besluit het egter weer die sinode van Maastricht 1976 daaraan aandag laat gee.

### 3.3 *Die besluite van 1976 en 1978*

By hierdie sinode het 'n meerderheids- en minderheidsrapport gedien oor verdere steun aan die PCR. Die minderheidsrapport het o.a. wesentlik kritiek teen die WRK definisie van rassisme aangevoer. Dit het egter ook nie na die „teologie" onderliggend aan die PCR deurgedring nie. Hoofhaaklik a.g.v. kritiek van die GKSA en NGKSA het die sinode besluit om nie meer amptelik finansieel tot die PCR by te dra nie. Tog het die sinode hom nog moreel en prinsipieel agter die PCR gestel. Die besluit kan dus nie aangestip word as 'n reformatoriese daad nie, veral wanneer in 1978 die finansiële steun weer voortgesit word.

Die kort historiese verloop van die GKN se betrokkenheid by die PCR is veelseggend. Hoewel die GKN soms geskrik het vir die konsekwensies van sy ondersteuning van die PCR, het hy hom deurgaans geïdentifiseer met die ontstaansagtergrond van die PCR. Daarmee het die GKN ongetwyfeld ook bewys gelewer van 'n neo-Marxistiese beïnvloeding soortgelyk aan die van die Wêreldraad. 'n Profetiese blik lei tot die slotsom dat hierdie verbroedering met on-Bybelse filosofiese strominge sy wrange vrugte in die kerk gaan lewer.

## 4. 'N LAASTE OPMERKING

Die neo-Marxistiese kultuuranalise het diep spore in die kerk van die sewentigerdekade getrap. Daar is 'n ingrypende reformasie nodig om hierdie spore uit te wis. Die Afrikaanse kerke kan hulleself nie hiervan onttrek nie. Veral nie omdat teen 'n verbasende tempo, ook in die kringe van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, uitsprake gemaak word, waarin die neo-Marxistiese denkbeelde merkbaar figureer. Ons bydrae tot 'n nuwe reformasie kan begin deur hierdie tendens in SA krities te ondersoek.

VERWYSINGS


1. ROSZAK, T. The making of a Counter Culture. New York, Double Day Co., 1969.
2. KLAPWIJK, J. Dialectiek der Verlichting, een verkenning in het neo-Marxisme van die Frankfurter Schule. Amsterdam/Assen, Van Gorcum, 1976.
3. ZUIDEMA, S. U. De revolutionaire maatschappijkritiek van Herbert Marcuse. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1970.
4. HEYNS, J. A. Teologie van die rewolusie. Kaapstad, Tafelberg, 1975.
5. DUVENAGE, S. C. W. Die opstandige student, 'n evaluering en analise van studente aktivisme in die VSA. D.Phil. proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1977. p. 364 - 366.
6. VORSTER, J. M. Kerk en kleurvraagstuk. D.Phil. proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1977. p. 364 - 366.
7. Myns insiens het Marcuse die grootste bydrae tot die neo-Marxistiese kultuuranalise gelewer, maar die bydraes van Bloch en die Frankfurter Schule moet nie uit die oog verloor word nie.
8. MARCUSE, H. Re-examination of the concept of revolution. *(In* Lothstein, A. All we are saying. The philosophy of the New Left. New York, Apricorn books, 1971. p. 273 - 283).
9. MARCUSE, H. De eendimensionele mens. Bussum, Paul Brand, 1971.
10. MARCUSE, H. Eros en cultuur. Utrecht, Uitgeverij Ervin J. Bijleveld, 1978. p. 7.
11. Ibid. p. 153.
12. MARCUSE, H. De eendimensionele mens, p. 15.
13. Ibid., p. 10.
14. Ibid., p. 28.
15. MARCUSE, H. Liberation from the affluent society. *(In* Hamalian, L. en Frederick, K. R. The radical vision, essays for the seventies. New York, City College of New York, 1970. p. 90).
16. MARCUSE, H. Vertoog over bevrijding. Utrecht, Bijleveld, 1970.
17. MARCUSE, H. en POPPER, K. Sociale revolutie of Sociale hervorming? Een confrontatie. Baarn, Wereldvenster, p. 19.
18. MARCUSE, H. en POPPER, K. Ibid., p. 21.
19. SHAULL, R. Revolutionaire veranderingen in teologische perspektief. *(In* Wereldraad van Kerken. Kerk en revolutie, een bloemlezing uit de voorstudies voor het congres van die WRK over Kerk en Maatschappij. Baarn, Bosch en Keuning, 1968. p. 23 - 28).
20. SHAULL, R. en OGLESBY, C. Containment and Change, two dissenting views of American foreign policy. London, The Macmillan Company, 1969. p. 231.
21. Wêreldraad van kerke. The Uppsala report 1968. Geneve, WRK, 1968. p. 48.
22. Wêreldraad van kerke. Programme to combat racism 1970 - 1973. *The Ecumenical Review* 25 (4). Oktober 1973. p. 173 ev.
23. Gereformeerde kerken in Nederland. Programma ter bestrijding van het rascisme. Leusden, Algemene dienstburo van de GKN. Verwysingsnr. 136 1973/1975. p. 3.
24. Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie artikel grondig op al die rapporte en besprekings in te gaan nie. Vir 'n beoordeling daarvan vgl VORSTER, J. M., Ibid., p. 267 - 316.

25. Gereformeerde kerken in Nederland. Acta van de generale synode van Dordrecht 1971 en 1972 van de GKN (met bylae). Kampen, J. H. Kok, 1971/72. p. 33.
26. Verkuyl het reeds in 1968 by die sitting van die GES met 'n minderheidsrapport gepoog om hierdie standpunte wat 'n paar maande vroeër by die WRK sitting te Uppsala teologies geyk is, by die GES sy beslag te laat kry. Vgl. hieroor sy eie getuienis in VERKUYL, J. Verantwoording. *(In* De Villiers, W. B. Lunteren en die rassekwessie. Braamfontein, Die Christelike Instituut van Suid-Afrika, 1969. p. 120).
27. Gereformeerde kerke in Nederland. Acta van de generale synode van Haarlem 1973//75 van de GKN (met bylaag). Kampen, J. H. Kok, 1973/75. p. 162.